

HOOFSTUK VIER

GEMEENSKAPSONTWIKKELING IN IPELEGENG TEEN DIE AGTERGROND VAN TRANSFORMASIE IN SUID-AFRIKA: 1972-1995

Die transformasie wat in Suid-Afrika vanaf 1972 tot 1995 plaasgevind het, het meegebring dat die swart plaaslike bestuur veranderinge sou ondergaan wat die swart woongebiede in Suid-Afrika van verteenwoordigende tot verantwoordelike besture sou lei.

Dit kan beskou word as 'n groeiproses waardeur die swart plaaslike besture gegaan het om in ooreenstemming te kom met die politieke veranderinge wat in die tydperk 1972 tot 1995 in Suid-Afrika sou plaasvind.

4.1 VAN VERTEENWOORDIGENDE TOT VERANTWOORDELIKE BESTUUR

4.1.1 Wes-Transvaalse Bantoe-Administrasieraad

Met die inskakeling van Schweizer-Reneke se swart woongebied by die Wes-Transvaalse Bantoe-administrasieraad (W-TVL BAR) in 1972 het dit 'n tydperk van verandering ten opsigte van plaaslike bestuurstruktuur vir die woongebied ingelei. Hiermee is daar verder wegbeweeg van 'n blank beheerde plaaslike bestuurstruktuur na 'n meer selfstandige bestuur in die vorm van die Administrasieraad.

Die Wet op Bantoe-Administrasie van 1971 het daarvoor voorsiening gemaak dat die Dorpsrade van die verskillende Dorpe in 'n streek afgevaardigdes moes aanwys om in die Bantoe-Administrasieraad van die bepaalde streek te dien. As gevolg van die feit dat die grootte van die dorp die getal afgevaardigdes bepaal, het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke Raadslede J.J. Ebersohn en W.L.T. Klopper gekies om in die W-TVL BAR te dien.¹


Die afgevaardigdes het W-TVL BAR-vergaderings te Potchefstroom bygewoon. Op hierdie vergaderings is byvoorbeeld voorgenome uitbreidings en ontwikkelings ter tafel gelê en bespreek.

¹ Schweizer-Reneke Oorgangsraad (SRO), 13/2: Wes-Transvaalse Bantoe-Administrasieraad, Stadsklerk, Schweizer-Reneke/Hoof-Bantoe-kommissaris, 27.06.1975.

Daar kon egter net met die planne voortgegaan word as dit deur die W-TVL BAR goedgekeur was.²

Wat Schweizer-Reneke se swart dorpsontwikkeling betref, was een van die eerste sake wat aandag van die W-TVL BAR geniet het die verkryging van 'n amptelike naam vir Lokasie Twee. Uit 'n gesamentlike poging tussen die W-TVL BAR en die woongebied se inwoners is daar 'n naam gekies - Ipelegeng. Dit beteken “ons dra onself” of ook “selfonderhoudend”.

Met die georganiseerde betrokkenheid van die W-TVL BAR het daar 'n behoefte aan administratiewe ruimte ontstaan. 'n Kantoor is dan ook deur die Bantoe-Administrasieraad in Ipelegeng opgerig. Nouer skakeling tussen byvoorbeeld die W-TVL BAR, die Dorpsraad en inwoners van Ipelegeng, met die Lokasiesuperintendent as “middelman”, is hierdeur bewerkstellig. So kon die W-TVL BAR sy vinger op die pols van die dorpsontwikkeling hou.³



Munisipale geboue in Ipelegeng (1997) (Bron: Me. S.J. Bester)

Dienste aan Ipelegeng is op 'n agentskapsbasis deur die Dorpsraad van Schweizer-Reneke namens die W-TVL BAR gelewer. Hiervolgens het die Administrasieraad die Dorpsraad vir die lewering van dienste soos water- en elektrisiteitsvoorsiening, vullisverwydering en sanitasie betaal.⁴

² Schweizer-Reneke (SR), Mondelinge mededeling, J.J. Ebersohn, Voormalige Raadslid/S.J. Bester, 17.03.1995.

³ Schweizer-Reneke (SR), Mondelinge mededeling, J.J. Ebersohn, Voormalige Raadslid/S.J. Bester, 29.12.1994.

⁴ Ipelegeng Dorpskomitee (IPD), Mondelinge mededeling, J.B. Hattingh, Voormalige Hoof Uitvoerende Beampte/S.J. Bester, 17.03.1995.

As deel van die W-TVL BAR se pogings om die swart woongebiede in die streek op te hef is daar nuwe dienste in die woongebiede ingestel. So is Ipelegeng aan die einde van 1973 by die elektrisiteitsnetwerk van Schweizer-Reneke aangesluit en kon die W-TVL BAR hoëmasligte laat installeer. As gevolg van die feit dat die inkomste van alle Ipelegengers nie voldoende was om vir die water- en elektrisiteitsvoorsiening te betaal nie, het private aansluitings maar stadig plaasgevind.⁵

Die situasie ten opsigte van private aansluiting van dienste kan egter verstaan word as die ekonomiese gesteldheid van die swart mense in die Schweizer-Reneke distrik in ag geneem word. Gedurende die vroeë 1970's was die werkloosheidsyfer baie hoog, naamlik 19 893.⁶ Dit het daarop neergekom dat sowat 57% swart mense in die distrik onproduktief was.

Groot werkgewers soos die Suidwestelike Landboukoöperasie by Schweizer-Reneke moes ook toestemming by die W-TVL BAR kry vir uitbreidings en ontwikkeling wat hulle beoog het. Toe die Landboukoöperasie dus besluit het om alternatiewe behuising vir sy werkers in die vorm van 'n hostel tot stand te bring, moes die W-TVL BAR eers die groen lig vir die projek gee.⁷ Dit was nodig aangesien nie al die werkers in Ipelegeng woonagtig was nie, maar ook van buurdorpe afkomstig was.

Dit blyk dat die Wes-Transvaalse Bantoe-Administrasieraad as gevolg van beperkte fondse nie al die ontwikkelingsbehoefte kon bevredig nie. In Ipelegeng is die instandhouding van die strate, wat voor die oordrag gereeld geskraap is, agterweë gelaat. Daar kon ook nie die nodige finansiële hulp beskikbaar gestel word om stormwaterdreinerings aan te lê nie.⁸

Met die Bantoe-Administrasieraad is die bestuur- en administratiewe funksies ten opsigte van die swart woongebiede nog steeds deur blankes behartig. Met die afkondiging van die Wet op Gemeenskapsrade van 1977 is groter deelname aan swart mense op plaaslike vlak gegee. So is daar nader beweeg na 'n volwaardige demokraties verkose swart plaaslike owerheid. Volgens hierdie

⁵ IPD, Mondelinge mededeling, R. Hattingh, Voormalige Hoof Uitvoerende Beampte/S.J. Bester, 15.03.1995.


⁶ Republiek van Suid-Afrika, Departement van Statistiek, **Beroepe volgens distrik en ekonomiese streek 1970**. Verslag no. 02-05-01, 1970. pp. 36-37.

⁷ SRO, 13/3/1: Wes-Transvaalse Bantoe-Administrasieraad: Bantoebehuising, Dorpsraadnotules, Notule, 07.06.1975.

⁸ SRO, 13/3/1: Wes-Transvaalse Bantoe-Administrasieraad: Bantoebehuising, Stadsklerk, Schweizer-Reneke/Hoofdirekteur, Wes-Transvaalse Bantoe-Administrasieraad, 12.02.1974.

wetgewing kon inwoners van swart woongebiede hul eie verteenwoordigers vir 'n Gemeenskapsraad aanwys.⁹

Ipelegeng se eerste Gemeenskapsraad is in 1979 aangewys en het uit vyf lede bestaan. Die Raad het aan die einde van elke maand 'n vergadering gehou, waartydens sake in verband met die bestuur en administrasie van die woongebied bespreek is.¹⁰



Die eerste Gemeenskapsraad van Ipelegeng.
Van links na regs: Mnr. J. Khasu, S. Moepang (Voorsitter), P. Mokloma
(Ondervoorsitter), S. Morolong, C.P. Mmusapitso (Bron: Me. S.J. Bester)

As swart plaaslike bestuurstruktuur het die Raad ook verteenwoordiging in die W-TVL BAR gehad. So is die behoeftes en probleme van Ipelegeng se inwoners deur hulle “eie mense” ter tafel gebring, en sodoende het die woongebied 'n groter mate van onafhanklikheid gehad.

Voorts het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke dienste soos water- en elektrisiteitsvoorsiening en sanitasie namens die Gemeenskapsraad verskaf.¹¹ Dit blyk dus dat die stelsel van dienslewering nie onder die nuwe plaaslike bestuur verander het nie.

Lede van die Ipelegeng-Gemeenskapsraad

Die lede van die eerste Gemeenskapraad was Mnr. S. Moepang (Voorsitter), P. Mokoma (Ondervoorsitter), C.P. Mmusapitso, S. Morolong en J. Khasu. Nadat die diensyd van hierdie Raad in 1983 verstreke was, is 'n nuwe Gemeenskapsraad gekies. Mnr. S. Moepang en C.P. Mmusapitso was onderskeidelik die voorsitter en ondervoorsitter van die nuwe Raad wat tot 1988 gefunksioneer het.

(Bron: IDK, 3141, Vol. 1: Raadslede en toelae, Verslae oor verkiesing van Raadslede, 1983.)

⁹ J.J.N. Cloete, **Sentrale, regionale en plaaslike instellings van Suid-Afrika**, p. 234.

¹⁰ IPD, 3141, Vol. 1: Raadslede en toelae, Verslae oor verkiesing van Raadslede.

¹¹ IPD, Mondelinge mededeling, J.B. Hattingh, Voormalige Hoof Uitvoerende Beampte/S.J. Bester, 16.03.1995.

GEBIED VAN DIE S.D.R.-WESVAAL
REGION OF THE WESVAAL R.S.C.



Die Gemeenskapsraad het op die terrein van behuising 'n groot bydrae in Ipelegeng gelewer. As voorbeelde kan die Letsema-selfhelpbehuising en die Nasionale Behuisingskema genoem word.

Die eersgenoemde behuisingskema is gedurende 1985 in samewerking met die Wes-Transvaalse Ontwikkelingsraad van die Departement Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning deur die Ipelegeng-Gemeenskapsraad van stapel gestuur. Volgens hierdie skema kon inwoners lenings van die Ontwikkelingsraad bekom waarmee huise deur kontrakteurs opgerig kon word.¹² Sowat 51 huise is deur middel van hierdie skema opgerig.¹³

Gedurende 1987 het Ipelegeng-Gemeenskapsraad ook aan die Nasionale Behuisingskema deelgeneem.¹⁴ Hiervolgens kon inwoners om huurpag aansoek doen. 'n Minimum bedrag van R7,00 per jaar moes betaal word. Die wooneenhede is ook deur kontrakteurs opgerig en het volgens die 99-jaar-huurpagstelsel aan die eienaar behoort. Dit het beteken dat die huis in die huurder en gesin se gebruik bly solank die huur betaal word. Hierdeur het behuising 'n hupstoot van 50 huise gekry.¹⁵

Met hierdie twee skemas is die geleentheid vir moontlike huiseienaars geskep om hulle droom van 'n eie huis te bewaarheid. So is daar 'n bydrae gelewer tot 'n groter mate van persoonlike onafhanklikheid vir die inwoners, wat danksy die skemas 'n eie woonplek kon besit.

4.1.2 Wesvaal-streeksdiensteraad neem by W-TVL BAR oor

So het die Ipelegeng-Gemeenskapsraad bewys gelewer dat hulle bereid was om voluit gebruik te maak van die geleenthede wat deur die Nasionale Regering aan plaaslike besture gebied is. Toe die Wet op Streeksdiensterade op 31 Junie 1985 afgekondig is, was die Gemeenskapsraad dan ook gereed om deur sy verteenwoordigers deel te hê aan hierdie ontwikkeling op plaaslike vlak.¹⁶

Die streek waarbinne die Gemeenskapsraad van Ipelegeng geval het, is die Wesvaalstreek genoem. Klerksdorp het gedien as die Wesvaalstreek se hoofsentrum, aangesien die dorp mees sentraal in die streek geleë is.¹⁷ Elke Gemeenskapsraad wat binne die streek geval het, het afgevaardigdes as lede

¹² IPD, 16/2/2/21: behuising, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning/Voorsitter van Ipelegeng-Gemeenskapsraad, 04.11.1985.

¹³ IPD, Mondelinge mededeling, R. Hattingh, Voormalige Hoof Uitvoerende Beampte/S.J. Bester, 15.03.1995.

¹⁴ IPD, 16/2/2/8/2: Behuising, Streeksverteenwoordiger van die Wes-Transvaalse gemeenskapsdienste/Voorsitter van die Gemeenskapsraad van Ipelegeng, 05.08.1987.

¹⁵ IPD, 16/2/2/8/2: Behuising, Handleiding vir die verkryging van eiendom onder die huisverkoopaksie, pp. 1-3.

¹⁶ Staatskoerant, 31.06.1985.

¹⁷ Die Stellalander, 17.07.1987.

van die Wesvaal-streekdiensteraad vir Raadsvergaderings na Klerksdorp gestuur. Nog dorpe wat deel van die Wesvaalstreek uitgemaak het, was die volgende: Christiana, Orkney, Wolmaransstad, Makwassie, Bloemhof, Leeudoringstad, Stilfontein, Potchefstroom, Ottosdal, Lichtenburg, Sannieshof, en Delareyville. Die Gesondheidskomitees van Glaudina, Amalia, Migdol, Witpoort en Coliny het ook verteenwoordiging in die Wesvaalstreek gehad.¹⁸

Hierdie vergaderings het een keer per maand plaasgevind. Aangesien Ipelegeng een van die kleiner Gemeenskapsrade was, kon net een lid van die Raad sitting op die Wesvaal-streeksdiensteraad hê. Mnr. S. Moepang, as voorsitter van die Gemeenskapsraad, was die eerste afgevaardigde in die Steeksdiensteraad. Hy het hierdie posisie tot 1988 bekleed.¹⁹

Watervoorsiening is vanaf die instelling van die Wesvaal-streeksdiensteraad as 'n Streeksdienstefunksie beskou. Dit het beteken dat die Streeksdiensteraad die verskaffer van water vir die diens betaal het. Aangesien die Dorpsraad van Schweizer-Reneke water namens die Streeksdiensteraad aan Ipelegeng verskaf het, is die Dorpsraad vir die diens vergoed.²⁰

Streeksdienstefunksies is basies uit twee bronne deur die Streeksdiensteraad gefinansier. Daar was die Streeksdiensteraadheffing wat verkry is uit heffings ten opsigte van salarisse wat deur staats- en semi-staatsinstellings in die streek aan die Streeksdiensteraad betaal was. Die ander bron was die Streeksvestigingsheffing wat sakeondernemings in die streek op hulle omset aan die Streeksdiensteraad oorgedra het.²¹

Op 27 Junie 1988 het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke, saam met ander dorpe soos byvoorbeeld Ventersdorp, by die Wesvaal-streeksdiensteraad aansoek gedoen om sanitasie-/rioldienste ook as streeksdienstefunksie oor te plaas. Hierdie versoek was suksesvol en die diens is gedurende November 1988 as streeksdienstefunksie in die Provinsiale Koerant aangekondig.²² Net soos in die geval van watervoorsiening, het die verskaffing van die diens ook 'n welkome verdere inkomste vir die Dorpsraad van Schweizer-Reneke teweeg gebring.

¹⁸ **Die Stellalander**, 17.07.1987.

¹⁹ IPD, Mondelinge mededeling, S. Morolong, Voormalige Raadslid, 13.03.1995.

²⁰ Schweizer-Reneke (SR), J.D. Swemmer, Voormalige Raadslid/S.Bester, 06.06.1995.

²¹ Departement van Staatkundige ontwikkeling, **Streeksdiensterade**, p. 4.

²² **Provinsiale Koerant**, 30.11.1988.

In teenstelling met hierdie dienste was elektrisiteitsvoorsiening nie 'n streeksdienstefunksie nie. Dit het beteken dat die Ipelegeng-gemeenskapsraad self vir die diens moes betaal.²³

4.2 IPELEGENG KRY 'N EIE DORPSKOMITEE

4.2.1 Ipelegeng en die 1988 plaaslike munisipale verkiesing

Die Ipelegeng-gemeenskapsraad het deur die samewerking en deelname aan die Wesvaal-streeksdiensteraad 'n voorsmaak gekry van wat dit beteken om hulle eie sake te behartig. Die eerste geleentheid om 'n onafhanklike, demokraties verkose plaaslike bestuur vir Ipelegeng tot stand te bring, het gekom in die vorm van die algemene munisipale verkiesing in 1988. Hierdie verkiesing het 'n werklikheid geword nadat daar reeds gedurende 1985 wetgewing afgekondig is wat bepaal het dat daar in 1988 algemene munisipale verkiesings in al vier provinsies gehou sou word.²⁴

Ter voorbereiding vir die voorgename verkiesings het die Assistent-direkteur van die Transvaalse Provinsiale Administrasie in 'n skrywe aan al die Hoof Uitvoerende Beampptes van die swart woongebiede die nodige hulp en leiding in verband met die verkiesing aangebied. Die pligte van die Hoof Uitvoerende Beampte ten opsigte van die verkiesing is ook duidelik omskryf. Verder was die Provinsiale Administrasie se gemeenskapsdienste bereid om met die opleiding van verkiesingspersoneel te help.²⁵

Die verkryging van 'n geskikte verkiesingslokaal het vir die Gemeenskapsraad van Ipelegeng 'n probleem geskep. Slegs laerskole en geen hoërskole nie kon as stemlokale gebruik word. Daar moes ook 'n stemlokaal vir die voorafstemme in die blanke dorp gevind word.²⁶ Hierdie reëlins was daarop ingestel om moontlike intimidasie en geweld uit te skakel.

Die moontlikheid van geweld was waarskynlik een van die redes waarom werkgewers in Schweizer-Reneke nie bereid was om hul fasiliteite beskikbaar te stel nie. Na 'n lang soektog deur die Gemeenskapsraad van Ipelegeng het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke toestemming verleen dat 'n gebou in Schweizerstraat as stemlokaal vir die voorafstemme gebruik kon word. Daar was

²³ IPD, Mondelinge mededeling, J. Marumo, Voormalige Burgemeester/S.J. Bester, 19.03.1995.

²⁴ J.J.N. Cloete, *Sentrale, en plaaslike instellings van Suid-Afrika*, p. 236.

²⁵ IPD, 3484, Omsendbrief, Junie 1988.

²⁶ IPD, 3484, Provinsiale sekretaris/Streeksverteenvoordiger, Gemeenskapsdienste, 10.06.1988.

DORPSKOMITEE VAN IPELENGAANVRA VAN NOMINASIES VAN KANDIDATE VIR VERKIESING VAN RAADSLEDE VIR DIE PLAASLIKE OWERHEID IPELENG

NOMINASIES VAN KANDIDATE VIR VERKIESING VAN RAADSLEDE VIR DIE PLAASLIKE OWERHEID IPELENG WORD HIERBY INGEVOLGE REGULASIE 10(1) VAN RAADSKENNISGEWING 22 VAN 1988 AANGEVRA EN MOET OP 16 SEPTEMBER 1988 TUSSEN DIE URE 10h00 EN 14h00 BY DIE VERKIESINGSBEAMPTTE BY DIE KANTOOR VAN DIE PLAASLIKE OWERHEID INGELEWER WORD.

STEMMING VIND PLAAS OP 26 OKTOBER 1988 TE IPELENG:

VOORAFSTEMME KAN UITGEBRING WORD VANAF 10 OKTOBER 1988 TOT 22 OKTOBER 1988.

BESONDERHEDE AANGAANDE DIE WYKE, STEMLOKALE, KWALIFIKASIES VAN KANDIDATE, DEPOSITO'S BETAALBAAR, NOMINASIEVORMS EN ENIGE VERDERE BESONDERHEDE IS VERKRYGBAAR BY DIE SEKRETARIS VAN DIE PLAASLIKE OWERHEID.

VERKIESINGSBEAMPTTETOWN COMMITTEE OF IPELENGINVITATION FOR NOMINATIONS OF CANDIDATES FOR ELECTION AS MEMBERS OF THE LOCAL AUTHORITY IPELENG

NOMINATIONS OF CANDIDATES FOR THE ELECTION AS MEMBERS OF THE LOCAL AUTHORITY IPELENG ARE HEREBY INVITED IN TERMS OF REGULATION 10(1) OF BOARD NOTICE 22 OF 1988 AND MUST BE SUBMITTED TO THE ELECTORAL OFFICER BETWEEN 10h00 AND 14h00 ON 16 SEPTEMBER 1988 TO THE ELECTORAL OFFICER AT THE OFFICE OF THE LOCAL AUTHORITY.

VOTING DATE WILL BE ON THE 26 OCTOBER 1988 AT IPELENG.

PRIOR VOTES MAY BE CAST FROM 10 OCTOBER 1988 TILL THE 22 OCTOBER 1988.

DETAILS ABOUT THE WARDS, POLLING STATIONS, QUALIFICATIONS OF CANDIDATES, DEPOSITS PAYABLE, AND ANY FURTHER PARTICULARS ARE OBTAINABLE FROM THE SECRETARY OF THE LOCAL AUTHORITY.

ELECTORAL OFFICER

voorwaardes aan die toestemming verbonde. Hiervolgens het die Dorpsraad hom die reg voorbehou om die gebruik van die eiendom op te skort indien enige klagte ontvang word.²⁷

Belangrike kiesersvoorligting is ook aan al die groot werkgewers in Schweizer-Reneke oorgedra. Met al die voorbereidings van die verkiesing goed op dreef is die eerste advertensie op 25 Augustus 1988 in 'n plaaslike koerant geplaas.²⁸

Vir hierdie eerste verkiesing was daar 1 465 geregistreerde stemgeregtigdes. Tydens die verkiesing is daar 636 stemme uitgebring en 50 hiervan was bedorwe. Die stempersentasie was 43,4%.²⁹ Waarskynlik het die feit dat die verkiesing 'n nuwe belewenis vir die swart inwoners was, en dat sake soos byvoorbeeld die stemprosedure nie verstaan is nie, ook tot die lae stempersentasie bygedra.

Mnr. Jonas Marumo en Moruti Maselo is met die verkiesing onderskeidelik tot Burgemeester en Onderburgemeester verkies. Die ander Raadslede van hierdie eerste demokraties verkose Dorpsraad van Ipelegeng was mnr. Godusamang Oliphant, Ismael Botlhokwane en Lameg Mashilela.³⁰ Ipelegeng se Dorpsraad was ook bekend as Ipelegeng Dorpskomitee.



Met die algemene munisipale verkiesing van 1988 is mnr. Jonas Marumo tot burgemeester van Ipelegeng verkies
(Bron: Mnr. J. Marumo)

²⁷ IPD, 3484, Stadsklerk, Schweizer-Reneke/Dorpskomitee van Ipelegeng, 09.08.1988.

²⁸ **Die Stellalander**, 25.08.1988.

²⁹ IPD, 3484, Verkiesingstatistiek, November 1988.


³⁰ IPD, 3484, J.B. Hatting, Voormalige Hoof Uitvoerende Beampte/C.A. van der Walt, 09.12.1988.

Marumo het ook in sy hoedanigheid as Burgemeester opgetree as Ipelegeng se verteenwoordiger in die Wesvaal-streeksdiensteraad. Die Streeksdiensteraad was nie net die forum waar behoeftes van die gemeenskap bespreek en oplossings vir probleme gevind is nie, maar die Dorpsraad/Dorpskomitees kon ook finansiële hulp vir verdienstelike projekte kry.

4.2.2 Dorpskomitee se samewerking met die Wesvaal-streeksdiensteraad

So het mnr. J. Marumo 'n versoek aan die Wesvaal-streeksdiensteraad gerig ten opsigte van die oprigting van 'n gemeenskapsaal in Ipelegeng. Die Raad het positief op die versoek gereageer, aangesien daar nog net sodanige fasiliteite vir blankes bestaan het.³¹

Die gemeenskapsaal is aan die einde van 1989 opgerig, en word onder andere vir vermaaklikheid en politieke vergaderings gebruik.³² Hoewel die saal 'n groot behoefte vervul, het dit as gevolg van die groeiende inwonertal ontoereikend geword.



Die gemeenskapsaal (1996) (Bron: Me. S.J. Bester)

Ipelegeng het teen 1990 tot 'n woongebied met 1 649 huishoudings gegroei. Die grootste aantal hiervan het bestaan uit meer as agt persone wat 'n wooneenheid gedeel het.³³ Hierdie "oorbevolking" is ook verder vererger deur die sowat 3 200 plakkers by Ipelegeng,³⁴ en verdere

³¹ SR, 2/33/1: Streeksdiensteraad Vol. 5, Addendum tot die agenda van Streeksdiensteraadvergadering, 29.09.1988.

³² IP, Mondelinge mededeling, J. Marumo, Voormalige burgemeester van Ipelegeng/S.J. Bester, 23.03.1995.

³³ Sentrale Statistiekdiens, **Getal persone in huishoudings volgens ontwikkelingsstreek, statistiese streek en distrik 1991**, Verslag no. 03-01-25 (1991), p. 331.

³⁴ Ipelegeng Kliniek (IPK), Jaarverslag aan die Departement van Gesondheid, 1990, p. 3.